NAMAKWA
DISTRIKSMUNISIPALITEIT

BATEBESTUURS BELEID

2. BATEBESTUURS BELEID

VOORWOORD

Die Raad sal bates in die Raad se besit bestuur en reguleer.

DEFINISIES

Alle terminologie van hierdie beleid, sal dieselfde betekenis hê as wat in die toepaslike Wetgewing beskryf word.

WETLIKE RAAMWERK

Die volgende wetgewing is van toepassing op hierdie beleid:

- Die Grondwet, Wet 108 van 1996
- Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003
- Rekeningkundige standpunte - ASB

OMVANG EN TOEPASSING

Hierdie beleid is van toepassing op alle Werknemers wat administratief en fisiese beheer oor bates van die Munisipaliteit uitoefen.

DOELWIT VAN DIE BELEID

Die doelwitte van die beleid is:

- Om te verseker dat bates volgens wetgewing en rekeningkundige standpunte korrek verkry, bestuur en beheer word.
- Dat die bates instand gehou word.
- Dat die bates op voorgeskrewe wyse afgeskryf word.

IMPLEMENTERING EN MONITERING

Hierdie beleid sal geïmplementeer word en effektief wees van wanneer dit deur die Raad goedgekeur is na konsultasie met die Plaaslike Werksplek Forum en ander relevante strukture. Die implementering sal reguleer word deur die Standaard Operasionele Prosedures (SOP).

KOMMUNIKASIE

Die beleid sal met alle Werknemers van die Munisipaliteit gekommunikeer word deur gebruik te maak van alle kommunikasie metodes (spesifiek induksie) wat beskikbaar is vir die Munisipaliteit.

BELEID HERSIENING

Die beleid sal jaarlikse hersien word en aangepas word indien nodig.

BEGROTING EN HULPBRONNE

- Die Raad se Kapitale begroting, bedryfsbegroting vir instandhouding en die finansiële stelsel van die Munisipaliteit.

ROLLE EN VERANTWOORDELIKHEDE

Munisipale Bestuurder, Departementshoofde en ander gedelegeerdes sal verantwoordelik wees vir die implementering en monitering van die beleid.

SANKSIES

Nie nakoming van die stipulasies soos vervat in die beleid sal beskou word as 'n oortreding/misdryf en daarmee sal gehandel word soos vervat in die Dissiplinêre Kode.

DISPUUT OPLOSSING

Enige dispuut wat voortspruit uit hierdie beleid as gevolg van bewoording of frases, moet na die Plaaslike Werkplek forum en enige ander relevante strukture verwys word. Aanbevelings van die Plaaslike Werkplek forum en ander relevante strukture in die verband moet na die Raad verwys word vir oorweging en goedkeuring.

AANVAARDING VAN BELEID

Geformuleer deur: ..... **Datum:** 9/7/2015

Konsulteer LLF: .....

Datum: 24.07.2015

Munisipale Bestuurder: .....

Datum: 09/07/2015

Raad goedkeuring: .....

Datum: 09/07/2015